

*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

# Die O.B.





*„Waakt en bidt, dat geen zaad van tweedracht onder u wortelt—*

*—Wees elkander getrouw in alles wat gy aanvangt te doen."*

(Gen. Andries Pretorius.)

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 17 DESEMBER 1941. No. 6.

## „Afrikanerseuns in Noorde sal Terugkeer tot die Boesem van Hul Volk."

### Geesdriftige Vergaderings in Transvaal van die Kommandant-Generaal.

**„Die oorwinning van die O.B. is die oorwinning van die Afrikanerdom. Ons gaan sorg dat die O.B. en die Afrikanerdom nie ondergaan en verbrokkel nie," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, voorverlede Saterdag voor 'n groot skare op Bezuidenhoutsvallei verklaar. Genl. J. D. Jerling, A.K.G. van Transvaal, was ook op die verhoog.**

Met verwysing na die stories wat teen die O.B. v,ersprei word, het die Kommandant-generaal gesê: „Dit is die ou storie van opsweping en verdeling van broer teen broer. Dit is die ou metodes van die liberale demokrasie. Die wat die geld het en die pers beheer, is baas. Dit is wat hulle nog altyd genoem het die parlementêre stelsel. Daar oorkant word hierdie stelsel op die oomblik stukkend geslaan en ek glo nie dat dit te lank meer hier sal hou nie. Oral moet mos allerlei denkbeeldige mure en skeidslyne opgebou word tussen broer en broer."

Onder dawerende toejuiging het hy verklaar dat die O.B. in murg en been republikeins is. Voordat die bande wat ons aan die Empire bind, geknip word, sal die tweedrag en onenigheid in ons land nie verdwyn nie. 'n Republiek is die enigste oplossing. Ons in Suid-Afrika wil die geldmag breek wat ons in die verlede gebreek het.

Sover spreker weet, is hierdie vergadering die laaste wat die O.B. hierdie jaar sal hou, behalwe as die Regering hom dalk tussen nou en Nuwejaar ten gevolge van Dingaansfeeste genoop mag voel om aan Afrikaners te vat en hulle te interneer. „In so 'n geval sal daar, indien nodig, dag en nag vergaderings gehou word." (Luide toej.).

Spreker is dankbaar dat daar tans 'n wapenstilstand tussen broers is. O.B.-vergaderings is onlangs op plekke soos Utrecht en Vryheid toegespreek. **„Ons het aan O.B.-lede laat weet dat ons nie in die politieke stryd sodanig gemoeid is nie as wat ons ons vir die agteruitgang van die Empire beywer. Daarom is elke O.B.-lid aangeraai om te stem teen die Empire en gevolglik vir prof. A. E. du Toit."**

Verwysende na min. Lawrence se bewerings dat die O.B. voornemens was om Durban met 250 man te oorrompel, het dr. Van Rensburg onder groot gelag verklaar dat hy nie bewus daarvan was dat Durban met pikstele teenoor die R.A.F. ingeneem kon word nie. Al die wilde stories laat spreker dink aan die ou boer wat gesê het dat as dit nie vir die radio was nie, die Duitsers nou nog in Pole sou geveg het.

As dit sleg gaan in 'n land probeer die regering gewoonlik die aandag van homself aftrek en om dit op die oorlog in die buiteland te laat toespits, maar vir spreker lyk dit asof die proses hier nou net omgekeerd is en asof die Regering, sodra dit met die oorlog sleg gaan, die aandag daarvan wil aftrek om dit op die O.B. te laat toespits. Daar is die storie dat die O.B. glo op 15 Desember 'n rebellie gaan ontketen. „Dit is die ou storie van opsweping en verdeling van broer teen broer," het spreker gesê. „Dit is die ou metodes van die liberale demokrasie.

Uit alle oorde kom Afrikaners tans terug na Suid-Afrika, net soos swaeltjies in 'n sekere tyd rusteloos word en verhuis. Spreker glo dat dit die instinkmatige voorgevoel is van mense wat voorheen onder die Britse vlag uit gevlug het en nou terugkom omdat hulle instinkmatig besef dat die Britse vlag nie meer te lank hier sal waai nie.

Met verwysing na die Afrikaanse soldate wat tans in die Noorde veg, het dr. Van Rensburg gesê: „Daar was al pogings, somtyds met sukses nogal, om Afrikaners op te stook teen mede-Afrikaners wat die rooi lus dra. Seker twee-derdes van die mense in die leër is vandag Afrfikaners wat om ekonomiese nood, uit avontuurlus of uit oortuiging in die Noorde is. Ons eer daardie seuns van ons. Daar is meer O.B.'s in die Noorde as wat baie vandag besef. Hulle — daardie Afrikanerseuns, sal terugkom tot die boesem van hul volk en die O.B." Voortgaande het die spr. vertel hoe hy en andere onlangs per motor twee soldate opgetel het. Ná 'n rukkie het hy die opmerking gemaak dat die soldate seker maar ontuis voel in hulle geselskap. „Nee glad nie," was die antwoord, „ons is net sulke warm O.B.-lede." Spreker sal die name van daardie persone versigtigheidshalwe maar verswyg.

Voorts het spreker verklaar dat Engeland se oorlogsverklarings aan Duitsland en daarna aan Italië gevolg is deur dieselfde stappe deur die Unie. Hy sien nou dat Engeland ook Finland die oorlog aangesê het. „Nou wil ek byna voorspel dat ons binnekort sal hoor dat Finland die grootste bedreiging is wat Suid-Afrika nog ooit geken het en hoe dat hulle die arme Ruslandjie aangeval het. Ons sal hoor dat die ware vyand nie die ateïstiese kommunisme is nie, maar Finland. **As ons wil sien wat Finland aan ons berokken het, moet ons maar na Magersfontein gaan en na die gedenksuile gaan kyk wat daar opgerig is vir die dapper Skandinawiese korps wat in die Driejarige Oorlog vir die Boere geveg het.**

„Die O.B. streef daarna om die hele Afrikanervolk in een hegte band saam te snoer. Daar word gesê dat daar een homogene volk in Suid-Afrika moet wees. Dit mog 'n mooi ideaal wees, maar hoe gaan ons daarin slaag as ons nie eers die Afrikanervolk saamgesnoer het tot 'n eenheid nie. Ons wil eers eenheid onder ons broers hê en dan met ons neefs. Daarom jaag ons geen Afrikaner wat ons beginsels van positiewe Afrikanerskap onderskryf, weg nie. (Toej.).

„Die O.B. is, behalwe die Kerke, die grootste Afrikaanse organisasie wat nog in die land bestaan het en elke O.B.-lid moet sorg dat hy sy plig teenoor die O.B. nakom. Elkeen moet sorg dat hy getrou is en dan sal die hele O.B. getrou wees. Ons wil die O.B. intakt hou totdat 'n hegte eenheid van die volk verkry is wat hom kan laat geld. Daarom sê ons: Die oorwinning van die O.B. is die oorwinning van die Afrikanerdom. Ons gaan sorg dat die O.B. en die Afrikanerdom nie ondergaan en verbrokkel nie," het dr. Van Rensburg onder luide toejuiging besluit.

Die groot skaar het hom soos één man „Ons bring hulde" toegeroep.

Die vorige aand het die Kommandant-generaal 'n geesdriftige vergadering van meer as 5,000 brandwagte op Lydenburg toegespreek.



**DE KOCK se GARAGES**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar: D. D. DE KOCK*

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL.

**SASBANK**

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

*Raadpleeg Sasbank.*

PAARL:
Pêrel-Boedelgebou,
Hoofstraat 327, Posbus 266.

KAAPSTAD:
Parlementstraat 32, Posbus 2387.

WORCESTER:
Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

# Geen Japannese Gevaar vir Suid-Afrika

Die oorlog wat op 1 September 1939 uitgebreek het tussen Duitsland en Pole en as gevolg van die Britse beleid van inmenging in Europese aangeleenthede tot die hele Europa uitgebrei het, en verder as gevolg van die slaafgeestige beleid van veldmaarskalk Smuts ook ons volkie in die maalstroom gesleep het, het tans met die toetrede van Japan teen Engeland en Amerika die vorm van 'n wêreldoorlog aangeneem.

Ons wil nie ingaan op die moontlike ongeriewe wat hierdie uitbreiding van die stryd in Suid-Afrika sal meebring nie. Vir ons, wat in hierdie sogenaamde heilige oorlog geen heil vir ons land en volk sien nie, gaan dit in die eerste plaas oor die vraagstuk van Suid-Afrika se deelname.

Om die volk ontvanklik te maak vir sy oorlogsbeleid het die Regering en sy Imperialistiese vuurblasers vir ons allerhande gevare voorgehou. Ons sou dan deur die een of die ander land „gevat" word indien ons 'n republiek word of onsydig bly. Nou is dit natuurlik Japan wat ons sal kom vat, en die Britse blaaie met hul afgestompte waarheidsgevoel verkondig by voorbaat al dat daar 'n geheime ooreenkoms tussen Japan en Duitsland sou wees waarkragtens Suid-Afrika aan eersgenoemde land afgestaan sou word. Pres. Roosevelt sê weer vir sy mense dis die Stille Oseaan!

Daar is veral twee punte wat in die oog gehou moet word. Ten eerste, die betekenis van die uitgebreide oorlog vir Suid-Afrika in die besonder en tweedens, die betekenis daarvan vir die westerse beskawing. Omdat Suid-Afrika se lot ook opgesluit lê in dié van die Westerse lande as geheel — en nie noodwendig van 'n enkele Europese staat nie — is dit ook vir ons van die grootste belang.

## NIE VIR EEN NIE

Niemand van ons begeer om onder 'n oosterse moondheid ingeskakel te word nie, en daar is seker ook geen Europese staat wat die westerse gebied op enige wyse vir 'n oosterse moondheid sal oopstel nie.

**Die oosterse gevaar is nie die gevaar vir 'n enkele staat in die Weste nie, maar vir die hele westerse statefamilie.**

**Die stryd op die oomblik tussen Japan en Amerika met sy bondgenoot Engeland is egter nog geen regstreekse bedreiging vir die Weste nie. Dit is 'n stryd om besitname van die Ooste.** Jarelang het hierdie twee westerse moondhede vir hulle 'n vastrapplek in die Ooste losgewoel, en hul invloedsfere het in die jongste tyd in botsing gekom met Japan se aspirasies in die Ooste. **Die huidige stryd is dus eintlik net 'n poging om Amerika en Engeland uit die Ooste te verjaag.**

Wat Japan beoog, is 'n Oosterse heerskappy soos Engeland dit vir meer as 'n eeu in die Weste gehandhaaf het. **Die gevaar vir die westerse lande sal eers aanbreek wanneer Japan sy onderwerping van die Ooste voltooi het, en gereed staan om met sy Empire of statebond teen die Weste op te ruk soos Engeland dit vandag met syne doen.**

Dit is egter nog maar iets van die toekoms, want Japan is vier jaar lank al besig om Sjina aan hom te onderwerp, en hierdie taak sal eers voltooi moet word en daarna sal die wonde wat geslaan is, eers deur die tyd genees moet word. Op die oomblik veg Indië nog aan Britse kant, en ook hierdie gebied sal nog eers by die Groot-Brittanje van die Ooste ingelyf moet word.

## OOS TEEN WES

Ons kan verwag dat wanneer hierdie proses van konsolidasie in die Ooste voltooi is, daar 'n botsing tussen die Ooste en die Weste sal plaasvind. Die oorwinnaar van die huidige stryd — indien hy sy oorhand so lank kan handhaaf — sal dan waarskynlik die leiding in die Weste neem.

Indien dit waar is dat Duitsland om wêreldheerskappy veg, soos die Britse propagandiste ons wil wysmaak, sal dit natuurlik die sotste ding van die wêreld aan sy kant wees indien hy toelaat dat Japan ná hierdie oorlog 'n vastrapplek in enige deel van die westerse lande kry.

Ons hou vol dat Suid-Afrika se veiligheid juis gewaarborg word deur die jaloesie van die Europese nasies onderling, en dat die een sal verhoed dat die ander 'n te groot seggenskap oor die suidelike seeroete na die Ooste sal kry. **Hoeveel te meer sal 'n westerse moondheid — of dit Duitsland of Engeland is — dit toelaat dat 'n Oosterse moondheid sy voet plaas op die drumpel na die Weste?**

Indien daar in hierdie oorlog 'n Japanse gevaar bestaan het, dan is daardie gevaar nou deur die toetrede van Japan tot die stryd verwyder. Die enigste gevaar vir die huidige het daarin bestaan dat die westerse moondhede mekaar deur 'n lang oorlog so sou uitput dat Japan daarna maklik sou kon instap as diktator van die wêreldvrede, en vat net wat en waar hy wou. **Deur tans 'n deelgenoot in die wêreldstryd te word, is hierdie bedreiging afgeweer.** In sover dit dus die Europese beskawing betref, kan Japan se toetrede nou alleen ten gevolge hê dat die oorlog, in geval van 'n Duitse oorwinning, spoediger beëindig word, en daardeur die Weste red van 'n moontlike selfvernietiging. Wanneer ons praat van behoud van die westerse beskawing glo ons natuurlik nie dat Engeland die enigste draer van daardie beskawing is nie, soos die Britse oorlogsblasers probeer voorgee.

Suid-Afrika het niks te vrees vir die nuwe ontwikkeling nie. Dit is 'n stryd tussen groot moondhede oor botsende belange wat met Suid-Afrika niks te doen het nie, behalwe in sover as wat ons Regering vandag Afrikaners opoffer in belang van Groot-Brittanje se besittings in die Verre Ooste.

**KERSFEESWYN!**

*BESTEL DADELIK KERSFEESKISSIE No. 5, BEVATTENDE:-*

- 6 GROOT BOTTELS BRANDEWYN en
- 6 GROOT BOTTELS WYN.

*Gelewer by enige stasie in die Unie vir*

**45/-**

KONTANT MET BESTELLING OF K.O.A.

GEBRS. BRINK BPK., - - MONTAGU.

**BRANDWAGTE!**

KEN U MEDE-AFRIKANER OP PAD

DEUR HIERDIE KENTEKEN — DIE SLEUTEL TOT GEMOEDELIKE VERKEER EN KAMERAADSKAP

DIE EERSTE EN ENIGSTE AFRIKANER-EIE MOTORKLUB WAARBY AL REEDS MEER DAN 6000 AFRIKANER-MOTOREIENAARS AANGESLUIT HET. VIR DIE GERINGE BEDRAGGIE VAN £1 JAARGELD ONTVANG U DIE VOLGENDE:

*Gratis Sleepdiens; Goedkoper Motorversekering; Gratis Regsadvies; Pad- en Roetekaarte; Snelle Afleweringsdiens van enige soort Motortoebehore en Orige Dele teen Groothandelspryse, en nog Talle Ander Dienste en Voordele.* **SLUIT NOU AAN!**

Voortrekker Motorklub Beperk, Groote Kerk Gebou, Kaapstad.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Wat 'n Volksbeweging is

Onderstaande is 'n gedeelte uit 'n toespraak wat gehou is deur hoof-generaal dr. F. D. du Toit van Zyl.

,,'n Volksbeweging is nie maar 'n vereniging wat 'n seksie van die volk omvat en 'n eensydige ideaal koester nie. Dis nie maar 'n groep of party wat 'n groepsuiting het en groepsbelange nastreef nie. Algemene en permanente volksbelange weeg swaarder by 'n volksbeweging dan die onmiddellike voordeel waarna 'n groep so dikwels strewe. Dit het 'n wye omvang en dek alle terreine van die volkslewe. Die aktiwiteite van 'n volksbeweging is so wydvertak as die aktiwiteite van die volk self. 'n Volksbeweging soek om te versterk alles wat tot die verbetering van die volk kan bydra en tree sonder genade op teen alles wat die volksbestaan ondermyn.

'n Volksbeweging is nie net oppervlakkig verbonde aan die volk nie, maar is so intiem aan die volk gekoppel dat die volkslewe daarin tot uitdrukking kom en die volkswil daarin sy rykste openbaring vind.

Die ganse volk word daarin tot 'n onbreekbare eenheid saamgesnoer en alle klasseverskil word uitgewis.

Die ryke verlede word in 'n volksbeweging opgeneem en so ook die volle moontlikhede van die toekoms. In die spieël van die verlede word die volkswil vir die toekoms geopenbaar. Die onsigbare draad wat die verlede aan die toekoms bind is die lewensbeskouing van die volk. 'n Volk word gelei deur sy lewensbeskouing, geïnspireer en tot die grootste dade aangespoor.

Die **lewensbeskouing** kom uit die verlede en is die samevatting in organiese eenheid van al die aspirasies en die ideale wat voortkom uit die beste en mooiste ervarings van die volk in sy wording. Die Ossewabrandwag wat die vrug is van die volk se diepe en toegewyde aanraking met die volksverlede het so geword die **draer van die volk se lewensbeskouing en juis daarom die uitdrukking van die volk se rigting en toekoms.**

Hoe getrouer 'n beweging die lewensbeskouing van die volk vertolk, hoe hegter word die volk in hom saamgebind en hoe kragtiger word die inspirasie wat uitgaan van die dade van die volksheld wat stryd gevoer het en gestreef het vir dieselfde oortuigings. 'n Volksbeweging verwek entoesiasme, durf en kragdadigheid omdat die volk oortuig is dat die beweging in die hoogste mate die moontlikhede besit tot oorwinning en ontwikkeling. Die toets van 'n volksbeweging dan is die volkseenheid wat dit in staat is om tot stand te bring, die inspirasie wat die volk daarin vind en die offervaardigheid wat dit by die volk verwek."

## *Die Kommandant-generaal het gister en eergister gesê en sê vandag nog:*

**,,Ons weet almal dat ons 'n huis bou uit baksteen en ander materiale. . En ons weet ook dat wat die huis uitmaak, nie die bakstene is nie, maar die wyse waarop hulle heg aanmekaar gevoeg is, elkeen op sy plek en elkeen volgens die sentrale gedagte van die man wat bou. . As hulle behoorlik en gekoördineerd aanmekaar gevoeg is, vorm hulle 'n gebou en bied skuiling vir mens en dier teen wind en weer. Maar bakstene wat rondlê, bied geen skuiling nie. . Hulle is op hul beste nutteloos en op hul slegste is hulle struikelblokke — stene des aanstoots in die letterlike sin. En die enigste sement wat mense in organisasies aanmekaar snoer, is dissipline wat leer om stiptelik en byna meganies te let op selfs die kleinste pligte — want dan sal die groot pligte vanself vervul word."**

**—(Voor die Voortrekkerkongres te Bloemfontein, 21 Des. 1937.**

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**


**Die Voortrekker-Skoenhospitaal**

Waarborg Goeie Werk teen Billike Pryse.

*Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soort in Kaapstad*

*AFRIKANERS, ONDERSTEUN AFRIKANER BESIGHEDE!*

*FOON 3-0164*

*Langstraat 291, Kaapstad*



**MERINO STOETERY**

**J. H. MOOLMAN.**

MERINO — CRADOCK.

TELER VAN SUIWERGETEELDE WANGENELLA RAMME EN GOEIE PLAASRYPERDE.

**PRYSE BILLIK!!**



# KERSFEES!

*BESTEL ONMIDDELIK*

**SCHOEMANNELO-DRANK**

*VIR DIE*

**FEESTYD**

**ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA**

**SCHOEMANNELO-DRANK**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

**JURGENS SCHOEMAN**

**POSBUS 142, OUDTSHOORN.**



DIE **KLEREMAKER** EN **UITRUSTER** VAN **KAAPSTAD**

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*

*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*

**ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD**



*DAGBREEK KARTELS*

*word gedra deur*

*DEFTIGE DAMES*

**Skakel 2-5662**

**En Maak U Bestelling**

**DAGBREEK Dames Hareversorging-Salon**

*Langmarkstraat 141 KAAPSTAD*

# Die Verlede Spreek

As ons dink aan die sestiende Desember gaan ons gedagtes veral na twee uitstaande gebeurtenisse in ons volksverlede terug: Bloedrivier en Paardekraal. Sommige mag miskien daarin slegs 'n ooreenstemming sien sover dit die datum betref, maar nogtans is hierdie twee gebeurtenisse baie nouer aanmekaar geskakel as wat dit met die eerste oogopslag lyk.

Onder die invloed van die konsiliasiegees wat sedert 1902 met alle middele in ons land geskep is, en as gevolg van die onafrikaanse historiese siening van baie geskiedskrywers oor ons volksverlede het ons as volk Dingaansdag vir baie jare herdenk as 'n blote wapenfeit oor die barbaredom. Bloedrivier is gesien as die oorwinning van die beskawing oor die swarte heidendom. Dit is egter net deel van die waarheid. Die ander deel, nl. dat Bloedrivier die wegruiming van 'n struikelblok was op die pad na Boereselfstandigheid — 'n pad wat sy ontstaan in die Britse dwinglandy gevind het — is óf weens onkunde oor die hoof gesien óf doelbewus verswyg.

Vandag word vrywel algemeen in Afrikaanse kringe aangeneem dat die Groot Trek nie uit allerlei selfsugtige oorwegings geskied het nie, maar dat daardie beweging gebore was uit die drang van 'n bewusgeworde nasie om homself te wees deur 'n eie staat daar te stel waarin die Boeresiel vry kon wees om sy lewensbeskouing en volksbeginsels onvervals in die praktyk van sy staatkundige en maatskaplike lewe te kan toepas. Hierdie strewe na politieke en nasionale vryheid het die vorm aangeneem van 'n daad, 'n daad van verset teen wat uitlands en volksvreemd was. Dit was tewens ook nie 'n daad wat op daardie oomblik die vorm van geweld teen die oorheerser aangeneem het nie. Dit was trouens nie nodig nie, want in die Noorde het 'n onontginde gebied gelê en wag om die bodem te word van 'n Suid-Afrikaanse Boerestaat.

Gepers deur die vreemde dwinglandy om na woeste gebiede uit te wyk, het die Boere die tweede vyand op die lyf geloop, 'n vyand wat nooit 'n vyand behoort te gewees het nie, want het die Barolong-stam onder Marokko dan nie bewys dat vriendskap tussen blank en swart in die regte gesindheid wel moontlik was nie? Maar van die bloeddors en agterdog van 'n Zoeloe-despoot is gebruik gemaak om hierdie volksbeweging wat met mooi praatjies nie voorkom en deur holle bedreiginge nie belet kon word nie, te stuit. En in die uur van sy nood, toe die „beskermer" van klein volkies sy ammunisietoevoer afgesny het, het die in tentlaergeorganiseerde Boeredom sy oë opgehef na die berge vanwaar sy hulp vandan sou kom.

En die redding het nie uitgebly nie — ondanks verdeeldheid in die geledere van die Boeredom. Want onder die Trekkers self was daar wankelmoediges wat begin twyfel het aan die metodes ter bereiking van die vryheid; daar was diegene wat wou terugkeer na die „ou orde" om daar in die veiliger oord die weg van vreedsame protes te gaan voortsit. Daar was ook andere wat verskil het oor die vraagstuk van leiding, en hulle het onder hul eie leiding na nog wilder oorde gegaan om daar die stryd van die Boerevolk deur oorwinning te bestendig. Die stryd oor leiding het in daardie krisisuur nie gelei tot onderlinge verskeuring en vernietigende verbrokkeling nie, maar elkeen is vrygelaat om op sy manier en volgens sy oortuiging die ideaal van 'n volk te verwesenlik. By almal was doel en ideaal dieselfde. Vandag moet almal erken dat al die trekkende groepe in hul afgesonderheid elkeen op sy manier 'n groot deel bygedra het tot die gesamentlike volksaak. Toe was dit wellig as swakheid beskou, maar vandag sien ons daarin krag — die krag wat geleë is in 'n veelheid van kommando's.

Nadat in Transvaal die Boerevolk vir 'n kort tydjie geleentheid gehad het om sy roeping op staatkundige gebied te vervul, is hom hierdie reg en plig weer ontneem deur die vreedsame dog slinkse anneksasie van 1877. Nadat alle vreedsame pogings tot herstel misluk het, het die Boere hulle nogmaals in 'n laer georganiseer. Maandelang is vergaderings en demonstrasies in hierdie laers gehou, en eindelik is tot die daad oorgegaan. Onder leiding van 'n Driemanskap het die volk sy lot nogmaals in die hande van die Almagtige opgedra, en die redding het nie uitgebly nie.

Wanneer ons vandag daardie geskiedenis herdenk terwyl ons self in 'n toestand van verdeeldheid verkeer, bestaan daar geen rede vir wanhoop nie. Die uitkoms sal kom, mits ons genoeg geloofsmoed openbaar en nie teen mekaar te velde trek terwille van onderlinge verskille oor optrede en metode nie. Indien elkeen maar net sy plig doen soos hy dit sien, sal ons almal in staat wees om by te dra tot die finale verwesenliking van 'n ideaal wat meer as honderd jaar gelede deur 'n ander volksbeweging gedra en in Boerelaers beskerm was.

Laat ons as Brandwagte, saamgetrek in die grootste Boerelaer wat nog ooit bestaan het, uit daardie lesse krag en geloof put vir die taak wat ons wag.

# Moontlike Optrede Teen Onderdrukking

## Weg van Vreedsame Verset is voorheen met Welslae Bewandel

**In hierdie dae, waar die Afrikanervolk verbitterd is weens sy tydelike onderwerping aan die Imperialistiese regering Smuts, is die vraag dikwels op die volk se lippe: „Hoe kan ons weerstand bied teen hierdie dwingelandy?"**

Die reg van verset teen ongeregtige onderdrukking besit elke mens en nasie kragtens die wette van God. Trouens, volgens die regering Smuts se lippe-belydenis, veg hulle juis daarvoor dat volkere en enkelinge die reg van verset mag behou.

Die vraag ontstaan dus hoe 'n volk hom kan verset teen die heersende tiran.

Daar is die weg van geweld. Dit is 'n weg wat meestal nie moreel gebillik is nie en selde prakties is. Die O.B. dink dus nie aan gewelddadige verset nie — nieteenstaande die feit dat vyande graag 'n voorliefde vir geweld aan die O.B. toedig.

Vreedsame verset bly dus oor as leus en doelwit van ons nasie in hierdie dae van verdrukking, vervolging en intimidasie. Vreedsame verset is egter nie uiteraard 'n kragtige strydmiddel nie. Teenoor 'n onderdrukker word die bietjie verset gewoonlik geneutraliseer deur die vreedsaamheid daarvan en die praktiese uitslag bly nul.

Die vreedsame protesvergaderings van hierdie dekade in die Afrikaanse volkslewe is ons welbekend. Hul totale vrugteloosheid is eweseer bekend.

Maar tog, die ou Boere, ons eie grootouers, het 'n doeltreffende plan uitgevind om vreedsame verset in werking te stel: Dit was tydens die eerste anneksasie van Transvaal van 1877 1881. Die onderworpe Boere het van meet aan steeks geword om belastings te betaal aan die tiran maar naas hierdie minder geslaagde maatreël het hulle heengegaan en hul eie volksregering saamgestel en die gedien met blymoedigheid terwyl hulle die uitlandse heerser net onder dreigement van geweld gehoorsaam het. **Vir die Afrikaner van daardie dae het die staatsgesag berus by sy nie-amptelike volksregering. Die volksregering het reg gehad om hom hier- of daarheen te beveel, om van hom geld te vorder vir staatsdoeleindes en om hom te gebied om vreedsaam of anders op te tree. Die vreemde, amptelike regering was slegs 'n veragtelike simbool van geweld wat desnoods gehoorsaam moes word terwille van eie belang, d.w.s. om straf te ontkom.**

**IN INDIË**

Hierdie selfde tegniek is in wese toegepas in Indië deur Ghandi en sy Nasionale Kongres en met hierdie strydmiddels het die Indiërs dit gebring tot 'n aansienlike mate van selfregering.

Hierdie voorbeelde bied moontlik 'n praktiese oplossing vir die Afrikaner se probleem oor watter vorm van vreedsame verset gevolg moet word. In elk geval behoort hierdie rigting van denke aan te toon dat daar ander effektiewe weë van verset is as geweldpleging. As daar dus haastige boere is onder die geledere van politici wat so graag oor rebellie praat, of selfs tussen onsself, kan die vriende gerus hul gedagte laat gaan oor die nuttige moontlikhede wat so 'n volksregering nou vir die Afrikanerdom bied!

Daar is van verskeie kante voorstelle gedoen vir die stigting van 'n gesaghebbende Afrikanerkomitee, maar daar dien gelet op te word dat so 'n komitee **alleen dan die funksies van 'n nood-volksregering kan vervul as dit die kenmerke dra van 'n ware volksregering. Dit beteken dat alle elemente van die op-een-doelgerigte volk daarin verteenwoordig moet wees en dat die hele volk sy eie regering moet vertrou en blymoedig dien.**

# Skoenlapperliefde

Die liefhebber van klein nasies, wie se liefde ons ook vir byna anderhalf eeu moes verduur, het weer eens getoon dat liefde en eiebelang vir hom woorde van dieselfde betekenis is.

Bietjie meer as 'n jaar gelede is Finland, nadat hy homself in 1917 vrygeveg het van die jarelange oorheersing van Rusland, aangeval deur sy voormalige veroweraar. Dit is nog vars in ons geheue hoe die Finne 'n helfdhaftige weerstand teen die Russiese oormag gebied het wat uitgeloop het op 'n vredesverdrag waarkragtens Finland wel sy onafhanklikheid kon behou, maar groot dele van sy gebied moes afstaan aan die aggressor.

Dit was nog maar gister toe Engeland hom bereid verklaar het om die Finne so ver as moontlik te hulp te kom, en selfs die Unieregering se hart het gebloei vir hierdie arme volkie wie se regte so wreed bedreig word. Om sy medelye meer tasbaar te maak, het ons regering besluit om 'n aantal vliegtuie aan die Finne af te staan, en dit was inderdaad 'n groot geskenk.

Dit was egter in die dae toe Rusland nog op vriendskaplike voet met Duitsland verkeer het. Vandag veg die Finne weer teen dieselfde vyand, maar toevallig veg Duitsland ook aan Finse kant.

Engeland — en Suid-Afrika — se liefde is nou egter weer aan Rusland se kant. In plaas van vliegtuie as geskenk, het Finland nou 'n oorlogsverklaring van sy voormalige bewonderaars ontvang, en Rusland kry hierdie keer die geskenke.

Klein nasies is nuttige voorwerpe om lief te hê solank hulle gebruik kan word om Engeland se belange te bevorder en in beskerming geneem kan word. Dit is ook dieselfde liefde wat Engeland vir ons koester, en sy sogenaamde beskerming sal net duur solank ons sy belange bevorder. Gelukkig het ons as **volk** so ver gevorder dat ons liefde met liefde kan beantwoord, al is ons Regering nog nie daartoe in staat of gewillig nie.

# By Paardekraal het Afrikanerharte en -Hande Saamgesmelt soos in O.B.

## Driehonderdduisend Staan nog in die Volkslaer met Onwrikbare Wil om Vry te Word.

„Driehonderdduisend staan nog in die Volkslaer onder die banier: My God, My Volk, My Land Suid-Afrika. Op u rus die taak van vrymaking van u volk,'' het genl. J. A. Smith, Assistent-kommandant-generaal in Kaapland, Saterdagaand op 'n groot funksie te Parow gesê. Genl. Smith het die ooreenkoms beklemtoon tussen Paardekraal en die Ossewabrandwag, en as volg gepraat:

Ons samekoms hier vandag val toevallig saam met dieselfde datum van 'n groot en roemryke gebeurtenis in ons volkstryd om Vryheid. **Dit is die gebeurtenis te Paardekraal op 13 Desember, 1880, waar die volk onder leiding van 'n driemanskap vir die laaste keer, ten volle georganiseerd en gemobiliseerd, in kommando's bymekaar gekom het om die stryd tot oorwinning aan te knoop.**

Op daardie gedenkwaardige dag, 13 Desember, het die destydse gemobiliseerde Afrikanerdom besluit om tot die dood-toe vir die herwinning van sy vryheid en onafhanklikheid die stryd te begin.

**En daar in die groot laer van 10,000 is gedoen wat die volk binne die nog groter laer van 350,000 van die Ossewabrandwag gedoen het en nog doen.** Elkeen van die aanwesiges wat trou gebly het aan die ideale van die volk, almal wat hulle gekant teen die Britse regeringsstelsel en die Britse demokrasie verklaar het, almal wat trou gebly het aan Afrikanernasionalisme en die Christelik-sosiale lewensbeskouing van die Voortrekker, het mekaar die hand gegee en trou tot die dood mekaar gesweer.

Dit is nêrens presies vermeld watter woorde die een teenoor die ander gebesig het nie. Daar was 10,000 getroues in die laer byeen, deur die Britse owerheid gebrandmerk as „rebelle'' wat as sodanig gestraf sou word! Hulle het bymekaar gekom op 'n oproep van die leiers wat o.m. gelei het „om God om raad en lig te smeek op ons donker pad. Aan die eenkant staan Engeland deur sy gewinsoekende handlangers met die sug van oorheersing besiel, onderwerping of andersins te eis, dreigende met verplettering; aan die anderkant staan 'n arme, swakke, vertrapte, verdrukte en verongelykte volk, smekende, vraende, eisende reg, weierende om onregmatige onderwerping te ondergaan.''

### EED VAN TROU

**Afrikanerharte en -hande het in mekaar tot 'n eenheid gesmelt in 'n eed voor die Almagtige net soos u in die laer van die Ossewabrandwag: „Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm. Ek sal hom nooit in die stryd verlaat, of aan die vreemdeling of vyand uitlewer nie ....Mag God my hierin getrou maak en krag gee.''**

En as uiterlike teken van hierdie broedereed, so meld die geskiedenis ons, het hulle, elkeen, klippe aangedra en 'n groot hoop gestapel as 'n swygende en tog so welsprekende en veelseggende teken, dat hulle vir hulle verbind het om as een volk, skouer aan skouer te staan en in daad die gelofte te omskep.

**Dit is, offisiere en brandwagte, ook die eed wat u onder dieselfde omstandighede en vir dieselfde doel en ideale elkeen, een teenoor die ander, binne die laer van die Ossewabrandwag voor die Almagtige in die huidige stryd gesweer het.**

Daardie manne van Paardekraal het nie hul eed teenoor mekaar by die eerste die beste geleentheid gaan breek nie. Hulle het onder die leiding van 'n Kruger, Joubert en Pretorius opgetrek en die stryd tot oorwinning gevoer.

### EENHEIDSLEIDING

**Hulle het nie oor 'n eenmansleierskap onder mekaar begin veg nie. Hulle het onder 'n Driemanskap eenheidsleiding gehad, want hulle wat mekaar trou gesweer het, was deur hul eed tot 'n eenheid binne die volksaksielaer saamgesnoer, elkeen tot nasiediens.**

Daardie eed is gestand gehou en daarvan was die klipstapeling die getuienis — totdat die vyand met sy tweede aanval, 20 jaar later, daardie klippe met die hulp van Afrikaners, eedbrekers, die klipstapeling afgebreek en die stene van getuienis van 'n Afrikaner-eed weggevoer het. En daarmee, die volksvryheid.

So was u, mede-Afrikaners, ook in die laer van die Afrikanerstrydmagte saamgetrek en saamgebind tot 'n groot eenheid. So het elkeen wat die Ossewabrandwag-laer binnegetrek het mekaar, een die ander, trou gesweer.

**In 'n groter en hegter eenheid het geen volksleier ooit tevore die Afrikanerdom, tot ware nasiediens saamgetrek in sy verskillende volksorganisasies, gevind nie.** So is daar naas die verskillende volksorganisasies, almal fronte op die uitgestrekte volksverdedigingslinie, hierdie groot aksiefront, die O.B. ook opgestel, onoorwinlik deur die vyand van die Afrikanerdom. Aan die wêreld is aangekondig die Eenheidsfront van die Afrikanerdom teen die vyand. **Die georganiseerde Afrikanerdom was gemobiliseer om op te trek en onder gekoördineerde leiding van sy verskillende volksorganisasie-leiers, net soos onder dié van die Driemanskap Kruger, Joubert en Pretorius, die vryheidstryd met die vyand aan te knoop en te oorwin.**

### BROEDERTWIS

Watter heerlike verwagtings kan u nie koester nie? Watter glorieryke stryd kan die Afrikanerdom met sy verskillende fronte saamgesnoer in die Eenheidstryd nie teen sy vyand voer nie!

En nou? Binne etlike weke na die sametrekking is 'n broeder-oorlog aangekondig en mense wat saam mekaar trou gesweer het, aangehits om hul eed te verbreek en die laer op te breek. En dit onder die trommelvuur van die gemeenskaplike vyand van buite die laer. Broederskap het plek gemaak vir broedertwis.

Die oproep tot die stryd vir selfbehoud is vervang deur een van onderlinge stryd — 'n stryd teen die republikeinse volksbeweging. Waar die groot magtige eenheidlaers naas mekaar gestaan het, lê vaderlandsbodem toe plotseling besaai met die flenters van gebroke kragte.

'n Verskriklike selfvernietigende slag is Afrikanereenheid toegedien. Dit is asof 'n verskriklike wrede hand die Afrikanerdom ontsiel het. Sy eenheid is verkrag ,sy verwagtings tydelik verydel, sy hoop beskaamd. Die spot van die vyand.


Waarom, o Heer, waarom? vra ons. En wanneer ons dit vra, dan bid ons om Waarheid — waarheid wat ons volk moet lei en leer hoe dit moontlik is **dat 'n volk in sy krisisuur eerder gehoor gee aan 'n oproep tot onderlinge stryd dan tot een teen sy vyand en verdrukker.**

### DIE OPLOSSING

En nou? Nou word rondgetas in 'n oog-

*Vervolg op bls. 8.*


DIE OSSEWA-SPEELKAARTE



*Afrikaanssprekende*

*Suid-Afrika het hiervoor gewag !*

Jare lank is daar nou-al geprotesteer teen die uitheemse kaarte ........En jare lank smag Jong Suid-Afrika na 'n eg Afrikaanse kaartespel........EN HIER IS DIT NOU........

DIE OSSEWA-SPEELKAARTE

Elke kaart het 'n eg-Afrikaanse naam en is selfs in Afrikaanse kleure, ROOI, WIT, BLOU en GROEN gedruk!

**PRESIDENT, BOER, JUKSKEI, REMSKOEN, ens. is 'n paar van die name wat in die spel gebesig word.**

Geen koste was te hoog, geen moeite te groot en geen lapwerk is geduld om die kaart daar so mooi en netjies as moontlik te laat uitsien nie.

**DIE REëLS EN REGULASIES VERGESEL DIE KAARTE!**

ONTHOU — Dit sal 'n pragtige Kersgeskenk wees.

**PRYS 3/- (3/6 Posvry).**

**BESTEL VAN —**

**DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL**

BUS 845 ——— PLEINSTRAAT 3, ——— JOHANNESBURG.

# Ossewabrandwag Verteenwoordig die Nuwe Gedagte van 'n Volksbeweging

## Wil tot Wegbreking van Liberale Demokrasie kan Nooit Gesmoor Word Nie.

**In September 1939 het Engeland Duitsland die oorlog aangesê, en sedertdien het vir die Afrikaner 'n periode van ongekende woeling en onrus aangebreek — 'n periode waarin die lot van Suid-Afrika en ook van die Afrikanervolk beslis sal word.**

Die vraag wat deur elke denkende Afrikaner met vrees en huiwering gestel word, is: waarheen gaan ons? — Ons as mense, as burgers van 'n bepaalde land, as lede van 'n aparte volk of familie, as individue? Alte duidelik besef ons dat die huidige oorlog nie beperk is tot 'n wapenbotsing tussen enkele moondhede nie, maar onafskeidbaar verbonde daaraan is die botsing van ideologië.

Die liberale kapitalistiese demokrasie met sy „Laissez faire"-leerstelling het as onvermydelik gevolg gehad ekonomiese slawerny en sosiale wantoestande. As reaksie hierteen het ontwikkel die totalitêre state met meegaande strenge staatskontrole in 'n poging tot ekonomiese en maatskaplike gelykmaking. Elk van die partye is oortuig dat hy veg teen verouderde en seniële instellings en ideologië, en dat sy oorwinning 'n nuwe en beter wêreldorde inlui. Met enkele uitsonderinge is staatsmanne dit eens dat deur 'n verandering in die verhouding tussen die staat en die individu verbetering op ekonomiese en maatskaplike gebied verkry kan word. **Selfs kort na die uitbreek van die oorlog, het in Engeland en Frankryk — die sogenaamde groot Demokrasië — die demokrasie gesneuwel en 'n nuwe orde word ons aangebied.**

In Europa is dit 'n oorgang van die liberalistiese demokrasie tot die groter gebondenheid van die individu. En in Suid-Afrika waar ons reeds vir die afgelope 140 jaar onderworpe is aan 'n geestesrigting (die liberalisme) wat die Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing vreemd is, het daar ook 'n reaksie teen hierdie stroming ontstaan. Dat ons deur die heersende wêreldgees opnuut geïnspireer is, wil ons geensins ontken nie, **maar dit bring nie mee dat ons sonder meer die nuwe ordes van die buiteland onveranderd moet invoer nie. Ons verwerp die vreemde oue, en keer terug na ons eie Afrikaanse lewens- en wêreldbeskouing wat calvinisties is met die nodige klem op sekere aspekte volgens die eis van omstandighede.**

### STRYD TE WAGTE

Dit is byna onmoontlik om te verwag dat 'n omwenteling in die volksgedagte kan plaasvind sonder stryd. Die liberale idees wat die Afrikaner vir meer as 'n eeu deurdrenk het, sit te diep om met die eerste slag ontwortel te word. **In honderdduisende Afrikaners is daar die vaste wil om hom los te ruk van die liberale demokrasie — en in watter vorms hierdie botsing van opvatting onder ons eie geledere hom ookal in die toekoms mag openbaar, kan hierdie nuwe gees nooit weer gesmoor word nie.** Daar mag vertraging of verposing kom, maar die wil is te sterk en die oortuiging te heilig dat sonder meer daarvan afgesien kan wo.d. 'n Oortuiging wat mens deur stryd verwerf, skud jy nie van môre tot oormôre van jou af nie.

Die partystelsel wat ons oorgeërf het, is nolens volens aan die liberalistiese staatsvorm gekoppel, en moet vandag nog behoue bly omdat ons nog 'n liberalistiese staat is. Daarom mag die party nie vandag sonder meer oorboord gegooi word nie.

Die Ossewabrandwag is geen erfporsie nie, maar gebore uit die Ossewafeeste is dit suiwer en tipies Afrikaans. Dit verteenwoordig die nuwe gedagte by die volk, nl. 'n volksbeweging. Daardie gedagte van 'n volksbeweging is deur die Ossewabrandwag vasgegryp en stap vir stap groei dit uit en pas dit aan by die behoeftes van die volk. **In die toekomsstaat van die Afrikaner sal die volksbeweginggedagte nog weer tot sy reg kom, en sal dit die omvattendste middel wees waardeur ons volk hom kan uitleef.**

Ons leef in 'n oorgangsstadium waarin die volk besig is om die verkeerde idees uit te suiwer. Geen oorgangsstadium is plotseling nie, tensy ons 'n revolusie kry, en daarom moet die twee vorms eers langs mekaar bestaan. Deur oortuigingswerk en die drang van omstandighede sal daar dan 'n geleidelike oorgang wees van die liberalistiese denkwyse na ons eie Christelik-nasionale.

Ons kan nie die oue heeltemal oorboord gooi solank dit nog in die huidige konstellasie 'n plek het en ons kan ook nie die nuwe vandag verwerp nie as ons nie wil doodbloei nie.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*

Langstraat 301

KRUIDENIERS-GROENTE en VRUGTE Handelaars

Afrikana Voorsieners

'N SUIWER AFRIKANER BESIGHEID

Foon 3-1393

KAAPSTAD

VOLKSKAS IS U EIE BANK!

ARBEIDSAAMHEID

*Fondse oorskry £1,500,000.*

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig volgens die Koöperatiewe Wet.)

DIE GOEIE HOOP

(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.

V I R

Hoofweg, Durbanville. Foon 60.

VEEVOER (MIELIES-MIELIEMEEL-LUSERN).

*Vra vir Kontrakvoorwaardes.*

Mc Cormick Deering Landbouwerktuie.

'N GESSELLIGE BYEENKOMS!!

word gehou deur die

HOTTENTOTSHOLLAND KOMMANDO

op die plaas van

*Mnr. Bredell*

op die pad na STELLENBOSCH

SATERDAG, 27 DES. 1941.

Verrigtinge begin om 3-uur n.m.

Koffie, Braaivleis, Wors, Toebroodjies en Koeldranke sal verskaf word.

Bring Bekers Saam.

*Alle O.B.-lede Welkom.*

La Belle Alliance

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

*Ons Ontmoet alle Treine.*

Kloofstraat, Kaapstad.

105 Takke 40,000 Lede

AVBOB

Reserwe-fonds £90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

## BRANDWAG DR. PEROLD

Donderdag, 11 Desember, is dr. Abraham Isak Perold, hoof-wyn, en wetenskaplike deskundige, aan sy woning in die Paarl oorlede.

Met die heengaan van dr. Perold het die O.B. iemand verloor wat 'n diepe insig gehad het in die grondbeginsels waarop ons beweging gegrondves staan, 'n helder hoof om dit duidelik dog eenvoudig te kan stel en 'n vaste geloof in die uiteindelike oorwinning daarvan. Ons het hom geken as brandwag, gereed om te gehoorsaam, iemand wie se sterk en beminlike persoonlikheid baie vriende vir die O.B. gewen het, en 'n man wat nie in eer, maar in diens sy geluk gesoek het, en daarom albei verwerf het.

Ons het hom ook geken as 'n begaafde spreker. Onlangs nog toe die A.K.G. van Kaapland 'n groot vergadering in die Paarlse stadsaal toegespreek het, moes brandwag Perold op bevel van sy offisier die woord neem. Kernagtig soos altyd het hy die saak van die O.B. gestel en die gepakte saal het met hul geesdrif hulde aan hom gebring.

Waar die Ossewabrandwag voorttrek op die pad vir hom bepaal, sal hy in dankbare herinnering hou die gedagtenis van dr. Perold wat van die begin af saamgeglo, en waar en solank hy kon, saamgetrek en saamgeveg het.

## „DIE O.B." OP VAKANSIEDAE

**Met die oog op die vakansiedae tydens Kersfees en Nuwejaar sal Die O.B. nie op die vasgestelde dae verskyn nie. Die uitgawe van Woensdag, 24 Desember, word vervroeg tot Maandag, 22 Desember, en dié van 31 Desember tot 30 Desember. Albei uitgawes sal tewens ingekort word tot net vier bladsye.**

## „Die O.B." KERSFONDS

**Die volgende bydrae is reeds met dank deur „Die O.B."-Kersfonds vir Kersgeskenke aan die kinders van geïnterneerdes ontvang:—**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 15 | 13 | 0 |
| Vriendin, Putzonderwater | 0 | 10 | 0 |
| Vriend, Pretoria | 0 | 12 | 6 |
| Vriend, Stellenbosch | 1 | 0 | 0 |
| Vriend, Bonnievale | 1 | 10 | 0 |
| Vriend, Alice | 0 | 10 | 0 |
| Vriend | 2 | 0 | 0 |
| Vriend, Paarl | 1 | 1 | 0 |
| Vriende, Ceres | 5 | 10 | 0 |
| Vriend, Lambertsbaai | 1 | 0 | 0 |
| Vriend, Helderberg | 0 | 5 | 0 |
| Vriende, Sutherland | 0 | 12 | 4 |
| Vriendin, Kaapstad | 0 | 5 | 0 |
| Vriendin, Observatory | 1 | 0 | 0 |
| Tafelberg Vroue Kommando Kaapstad | 0 | 12 | 6 |
| Vriend | 0 | 15 | 0 |
| Vriend, Kaapstad | 0 | 2 | 6 |
| Vriend, Kaapstad | 0 | 2 | 6 |
| Vriend, Somerset-Oos | 0 | 10 | 6 |
| Vriend, Kaapstad | 0 | 5 | 0 |
| Vriend | 0 | 5 | 0 |
| Vriendin, Bellville | 0 | 7 | 6 |
| Voorjuk Mannekommando, Upington | 5 | 0 | 0 |
| Upington Mannekommando | 2 | 10 | 0 |
| Vriend, Gordonia | 0 | 10 | 0 |
| Vriend, Worcester | 5 | 0 | 0 |
| Vriendin, Upington | 3 | 0 | 0 |
| Jeugfront, Upington | 1 | 0 | 0 |
| Ma Burger, Veldkornetskap, Goodwood | 1 | 1 | 0 |
| Vriendin, Stellenbosch | 1 pakkie | | |
| Vriendin, Stellenbosch | 1 pakkie | | |

## *ONS VYF FRONTE*

Die Afrikanerdom het in sy stryd om te bestaan en vry te word vir homself die nodige fronte op die strydlinie gestig. Hy het daarvoor verskillende volksorganisasies, namate hy dit nodig gevind het, as wapens teen sy vyand vervaardig.

Die eerste is sy godsdienstige front, sy verskillende Kerke.

Sy tweede is sy kultuurorganisasies saamgebind in die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings.

Sy derde is sy party-politieke organisasies.

Sy vierde is sy ekonomiese organisasies, die Reddingsdaadbond.

Sy vyfde is sy Volksaksieorganisasie, die O.B.

**Hierdie vyf fronte dek die hele gevegslinie. Elkeen is 'n onontbeerlike wapen teen dié wat die vyand gebruik om die volkslaer te verower.**

**Hy wat enigeen in die huidige stryd uitskakel, skakel 'n noodsaaklike front uit, breek 'n nodige wapen in die hand van die volk stukkend en veroorsaak 'n gaping in die strydlinie vir die vyand om deur te breek.**

Hou die linie sterk en ongeskonde, is die beleid van die O.B.

## KNOPIES

Knopies met die kop van die Kommandant-Generaal — Dr. J. F. J. van Rensburg.
Klein — 1/6 elk.
Groot — 2/6 elk.

Knopies met die O.B. Vlag.
1/6 elk.

Bestel van:
Die O.B. Hoofkantoor, Posbus 668, BLOEMFONTEIN.


Foon 62 Posbus 53

**HEILBRON**

Om te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

Beteken oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

**DIE MODERNE WINKEL**

**W. VOIGT BPK.,**
**HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.
**Posbus 10, Hugenoot.**

*BRANDWAGTE ! !*
kom
Geniet U Verversings
by die
**KARROO KAFEE**
**WILLOWMORE.**
Ondersteun 'n Mede-Brandwag.
Vinnige en Netjiese Bediening.

**AFRIKANERS LUISTER HIER:—**

Wil u ook op die skouers van die wêreld gedra en beny word deur die mense rondom u? Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwaifiseerde Boekhouer met 'n goeie betrekking en 'n vet Salaris. Ons Kursus is goedkoop en doetreffend; ons waarborg uitstekende resultate. Sewe uitgebreide Gesondheid- en Liggaamsboukursusse word absoluut gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van:

**UNIE-BOEKHOU-KOLLEGE,**
**Posbus 32, ALEXANDRIA.**

**MARKAGENTSKAP**
**Vroeë Môre Mark**
**KAAPSTAD**

***Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.***

**Beste Heersende Pryse.**

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

***'N PRESTASIE***

**DIE OPSAALKLUB**
het weer die
**Oujaarsaand-Dans**
in die
**STADSAAL, KAAPSTAD**

Tref vroegtydig reelings vir die bywoning van hierdie Funksie.

Aantal Kaartjies Beperk.

Kaartjies verkrygbaar by Uniewinkels.

**21/- DUBBEL.**

Baie dankie vir jou raad verlede week ou maat. Ek het 'n **VOORTREKKER ARMBAND** vir my bruid, en drie **VOORTREKKER SILWER BORSSPELDE** van **TAFELBERG INDUSTRIEË, KOHLINGSTRAAT 16, KAAPSTAD**, gekry. Ons was almal verras met die waarde. Ek het vir haar ook 'n **LINNEMERK NAAMSTEMPEL** teen 8/6 gekry.

**Algemene Handelaars**
FOON 5-4294
**J. J. DE GOEDE,**
STASIEWEG 51 — OBSERVATORY
*Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Ondersteun 'n Afrikaner.*

## *By Paardekraal het Afrikanerharte en Hande . . . . . .*

(Vervolg van bls. 5)

verblindende stofwolk van broedertwis na middels om afgebreekte laermure weer te herstel.

**Die oplossing is eenvoudig en natuurlik, nl. STAAK DIE STRYD. Hou op om af te breek aan die skanse van jou wapenbroer en buurman. Daarvoor is nie formules, ooreenkomste of reoriëntering van die beskikbare strydwapens nodig nie. Erken die reg en noodsaaklikheid van bestaan van jou twee vernaamste strydwapens, die O.B. en die Party. Eenheidsleiding lê op die een koers, die strewe na onafhanklikheid sowel in selfverweer as in die aanval tot oorwinning. Trek op soos onder die driemanskap Kruger, Joubert en Pretorius. Behaal die oorwinning en kies dan u President vir u eie republiek.**

**Vandag blyk uit die gepubliseerde gedagtewisselings hoe geheel-en-al onnodig die stryd teen die Ossewabrandwag en sy leiding was en dat dit nooit moes gewees het nie.**

Twee dinge straal baie duidelik daaruit, nl. dat hierdie twee volksfronte onontbeerlik is as strydwapens vir die Afrikanerdom **en dat die volk beslis geweier het om enigeen van die twee prys te gee.**

**Die volk wil naas sy ander volksorganisasies die Ossewabrandwag as sy republikeinse front hê.**

**Dit is die uitspraak wat die volk op kennelike wyse en beslis gegee het. Die volk het nie gehoor gegee aan die strydroep teen die Ossewabrandwag om te bedank nie. Die volk het klaar besluit, nl die O.B. sal bly voortbestaan as die draer van die Afrikanervryheidsgees, die gedissiplineerde volksaksiefront.**

**Die leiding van ons geagte Kommandant-Generaal is deur die 300,000 Afrikaners bekragtig.**

Die O.B. bestaan nie uit brandstigters en bommegooiers nie, soos beduie word in een van die Nasionale dagblaaie in 'n hoofartikel van gister wat die onlangse betreurenswaardige brandbomaanslae noem as 'n rede waarom die inskakeling van die O.B. onder 'n politieke Nasionale Komitee nodig is nie.

**Onwettighede soos daardie in Pretoria kan alleen toegeskryf word aan 'n toestand wat hier, nie deur die Ossewabrandwag maar sy vyande geskep word — wantroue en misnoeë in die beleid van die owerheid en wanhoop as gevolg van die ontketende broederstryd. Waar die beheer en leiding van die Ossewabrandwag as aksiefront van die teen onderdrukking strydende volk ondermyn word en also die dissipline, daar alleen kan sulke dwase en gevaarlike reaksie verwag word.**

Offisiere en brandwagte! Die leiding wat ek u hier vandag wil gee is nie een van wanhoop nie. Inteendeel. Hoe feller die stryd en hoe donkerder die toestand, hoe dapperder die dapperste. **En sy aan sy met u staan die nog driehonderd-duisend wat hul eed gehandhaaf het en onder hulle die dapperste van die dapperes.**

Driehonderdduisend brandwagte van Kaappunt tot aan Sambesie het hul eed deur hul onwankelbare trou aan mekaar as lede van die O.B. verseël.

Vergader dus soos te Paardekraal en hernu u eed een teenoor die ander soos u vaders dit gedoen het onder die Driemanskap Kruger, Joubert en Pretorius. Laat u Ossewabrandwagkaartjies wees soos die klippe te Paardekraal, die getuienis van u Afrikanertrou.

**Driehonderdduisend staan nog in die volkslaer onder die banier: ,,My God, My Volk, My Land Suid-Afrika." Hulle gaan voorttrek, trek, trek, trek op die pad van Suid-Afrika. Hulle gaan die omwenteling in die volksgees, wat opstreef uit die ou meganistiese liberalisme, lei en saamvoer na 'n nuwe organiese eenheid, die oorwinning oor die valse en volkskadelike Britse demokrasie.**

Hulle is gewapen met die sterkste wapen wat God die mens gegee het: **die onwrikbare wil om te bestaan en vry te word!**

## KERSFEESGROETE

Ons hartelike wense word hiermee oorgedra aan Brandwagte en vriende vir 'n gelukkige Kersfees en voorspoedige Nuwejaar.—Coenraad, Lisbean en Johan van Coller.

Die Adjudant van die O.B.-Manskommando, Porterville, mnr. W. J. du Toit, wens al sy O.B.-vriende en vriendinne 'n baie geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 1942 toe.

Mnr. Martin Gildenhuys wens alle Offisiere en Brandwagte in sy Generaalskap en elders 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe.

Sutherland O.B. Kommando's, Hartelik geluk! Gods seën met Kersfees.
Gods leiding in die Nuwejaar.
,,Voor in die wapad brand 'n Lig!"
P. Immelman.
H. S. Brink.

Beste wense met Kersfees en Nuwejaar aan al ons vriende.—Mnr. en mev. Jan C. Viljoen, Klaasfontein.

Hoofkomdt. P. D. Cilliers, en Kommandante C. M. Cilliers, van Plumstead, wens alle Hoër Offisiere, Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.
Daar is 'n stryd te stry,
Daar is 'n volk te lei.

Die Malmesbury Vroue-Kommando No. I wens die Kommandant-Generaal en die Assistent-Kommandant-Generaal van Kaapland en alle hoë Offisiere, Offisiere en Brandwagte in die Unie en Rhodesië 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

Die Malmesbury Manne-Kommando's Nos. 1 en 2 wens die Kommandant-Generaal en die Assistent-Kommandant-Generaal van Kaapland en alle hoë Offisiere, Offisiere en Brandwagte in die Unie en Rhodesië 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

Mnr. en Mev. E. Lombard, van Malmesbury, wens al hulle vriende(inne) 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

Dr. en Mev. S. M. Naude, van Stellenbosch, wens al hulle O.B.-vriende 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

Die Kommandante, Mev. S. Voigt, en Adjudante Mej. B. Roux, van die Vroue-Kommando, Paarl, wens Offisiere en Brandwagte van hul Kommando, asook al hul O.B.-vriende 'n baie geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe.

Langs hierdie weg wens Mnr. en Mevr. De Kock alle vriende, O.B.-Offisiere en Manskappe dwarsdeur die Unie 'n geseënde Kersfees en baie voorspoedig Nuwejaar toe te wens.
Mnr. en Mevr. VAN AARDE DE KOCK.
Koosani,
Malmesbury.

Mnr. en mev. I. P. Olivier, vroeër van Oudtshoorn, tans Kaapstad, wens alle Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar.

Mnr. en mev. Pierre Rocher wens die K.G., A.K.G., al die hoë Offisiere, Offisiere en Brandwagte 'n geseënde Kersfees en gelukkige Nuwejaar toe.

Aan alle Offisiere en Brandwagte. Mag ons tydens Kersfees en die Nuwejaar geken word aan ons leuse. Van F. W. Burnett, Hoofkommandant, Port Elizabeth.

Die Kommando's, die Vlakte, wens om hul mede-broer en -suster-Kommando's hartlik geluk te wens met die feesdae.

---

U, offisiere en brandwagte, is die draers van die Nasionaal-Christelike Afrikaner-idee. In u en die ander honderdduisende brandwagte setel die onsterflike siel van 'n na vryheid hunkerende volk. **Op u rus die taak van vrymaking van u volk — u wat in waarheid kan sê: ,,Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika!" U is die leierkorps in die omwenteling. Toon dan deur woord en daad u onwrikbare wil om die volk tot eenheid en oorwinning te lei, vry van volksvreemde invloede en buitelandse magte.**

My beste wense vir 'n geseënde Kersfees en voorspoed met die Nuwejaar aan al die getroue O.B.-Offisiere en Brandwagte van
Hoof-komdt BEKKER.
Tarkastad.

Offisiere en Brandwagte, Kimberley distrik, Republikeinse wense vir 1942.

Gee my nie maters wat vrolik net lag nie,
Gee my g'n vriende wat leef vir plesier,
Gee my, al kan jul net énetjie afstaan,
Een wat kan help in die donkerste uur!

Gen. BEN VORSTER en familie.

**DAGBREEK vir die AFRIKANERS**
**STABILIS**
Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met
- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

Ons is Agente vir
**Stabilis-Agentskappe en Beleggins-Maatskappy.**
**DIE KOPERSBOND BPK. IN KAAPLAND.**
Flinke bediening en eerlikheid is ons leuse
**Foon 30764—Kamer 704/5—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.**

**GRAFSTENE, MONUMENTE ens. van die**
**S.A. MONUMENTE WERKE**
Is 'n permanente en mooi uiting van liefde en toewyding.
Skryf Posbus 2 of bel 5-2823,
VOORTREKKER-WEG, MAITLAND.

***AFRIKANER-KLEREMAKER!***
Foon 5-1486
- **Vir u volgende Pak**
- **Billike Pryse**
- **Werk Gewaarborg**
- **Beste Materiaal**

**N. C. KOCH**
**Soutrivierweg 52 — Soutrivier**

**SKOUBURG**
**Hofmeyrsaal, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**
Saterdag, 20 Des.
***'n Goeie Afrikaanse Rolprent***
Ook 'n Afrikaanse Film en verskeidenheidsprogram
Plekbespreking by Uniewinkels.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### DANKBETUIGING

ROTHNER. — Mev. wed. Rothner wil langs hierdie weg haar innigste dank betuig aan al die O.B.-lede wat hulle meegevoel betoon het in haar groot beproewing tydens haar verblyf in die Nasionale-hospitaal, Bloemfontein.

(Mev.) J. F. ROTHNER.

### SOUT

SOUT — Spoorweë gee 50 persent op spoorvrag en 20 persent op Bustariewe afslag aan Boere, ons laai onmiddellik, Super Sneeuwit 40/-, No. 1. Sneeuwit 35/-, Wit Veesout 30/-; per ton. Fyn Bottersout 5/6 per sak 200 pd., kontant met bestelling, tevredenheid gewaarborg. J. A. Venter, Florisbad, Bloemfontein.

**GEVRA**
MOTORWERKTUIGKUNDIGE vir plattelandse Garage, eerlikheid 'n vereiste. Stuur volle besonderhede aan **Strydom se Garage, Posbus 1, Barrydale.**

*Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*